Tema: Die stryd tussen twee vroue! Bruid van Christus, hou vas aan die belofte: Christus sal jou red!

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 45 - 1: 1, 3, 4, 6
Votum
Seën
Loflied Sb. 18 - 3: 1, 2, 5 (Mel: Eerste mel van Ps 149 - 1)
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Openbaring 17 tot 18: 8 en Openbaring 19: 1 – 10
Sing Ps. 45 - 1: 9,10
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Sing Sb. 18 - 3: 7,8,9 (Mel: eerste mel Ps 149 - 1)
Seën
Amenlied: Sb. 13-3.

Ons sit vanaand ons reeks uit Openbaring voort. Hoofstukke 17 tot 19: 10 vorm eintlik nog deel van die sewe bakke. Een van die engele wat die sewe bakke hanteer het, wys vir Johannes in hf 17: 1 nog ‘n visioen/gesig! Hierdie hoofstukke is ‘n dieper kyk na die oordeel van God oor die sondige wêreld - hier voorgestel as ‘n sedelose vrou, as Babilon - die stad van verleiding en versoeking! Wie mooi kyk, sien egter dat dit hier gaan om die stryd tussen twee vroue! Dit is die stryd tussen die vrou van hf 12 - die kerk van die Here (die bruid van Christus) en die sedelose vrou - die sondige wêreld! 1 Dit gaan hier om daardie stroom water wat die slang agter die vrou in die woestyn uitgespoeg het (hf 12: 15 - 16). Die stroom van verleiding en versoeking! Die sedelose vrou wat haarself tot koningin verklaar (hf 18:7). Maar God kondig aan dat die Lam haar sal verslaan, dat sy tot ‘n val gaan kom en dat almal wat haar gevolg het baie ellende gaan verduur! In die hemel is daar reeds vreugde oor die Lam se oorwinning (hf 19: 1). Meer nog: daar word vir ‘n huweliksfees voorberei: die huwelik van die Lam en sy bruid - ons as kerk van die Here! Wat ‘n troosvolle en wonderlike vooruitsig om mee te volhard!

Geliefde gemeente

Met hierdie twee hoofstukke beweeg ons so naby aan die kruin of hoogtepunt van die boek Openbaring dat die hemelse skares net-net wil uitbreek in hul oorwinningsliedere. Kort-kort hoor ons die gejuig van die oorwinnaars wat deurbreek!

Maar daar is nog ’n laaste opdraende stryd voor voordat ons die kruin van die oorwinning van Christus kan vier! Hierdie stryd is die stryd tussen sedelose vrou – die groot verleidster en die Bruid van Christus. Die bruid van Christus met haar fyn wit klere aan en die verleidster of sedelose vrou met haar pers en helderrooi mantel. Sy word ook genoem Babilon – die groot stad van verleiding!

In hierdie stryd sien ons weer hoe God tussenbeide tree om hierdie sedelose vrou te straf en Christus so sy bruid red! Ons lees in Open. 18: 5 van hierdie sedelose vrou: Haar sondes het tot aan die hemel opgehoop en God het haar ongeregtighede onthou”. Daarom tree die Here op om haar te straf – nie net vir haar nie – maar almal wat haar vir haar verleiding geval het!

Ja, hier triomfeer die Bruidskerk van Jesus uiteindelik na die lang stryd! Die stryd wat begin het in Genesis 3 en dwarsdeur die geskiedenis gewoed het, word hier tot ’n einde gebring! ’n Visioen oor die Bruid van Christus wat oorwin deurdat Christus haar red!

Om hierdie rede, br en sr, is hierdie twee hoofstukke ’n boodskap van troos en hoop! Dit is God se troos en bemoediging vir elke gelowige wat vasgevang word in hierdie stryd van die twee vroue – Christus sal aan ons die oorwining gee! Kom ons hou vas aan hierdie belofte.

Ons tekshoofstukke is eintlik nog deel van die sewe bakke wat ons verlede Sondag na gekyk het. Johannes word deur een van die engele wat die sewe bakke hanteer, geneem om nog ’n visieon van oorwinning te sien – die oorwinning oor die sedelose vrou! Die gedeelte kan in twee dele verdeel word. In die eerste deel word na die persoon en geskiedenis van die vrou gekyk en haar verhouding met die dier. In die tweede deel word haar val en straf in detail geteken.

Kom ons kyk eerstens na die persoon van hierdie sedelose vrou: Wie is sy? Die verklaring van hierdie gedeelte is nogal problematies en daar is baie meningsverskil tussen verklaarders oor die persoon van die vrou en die dier. **Hf 17: 7 noem nie verniet “ van die verborge betekenis” van die vrou en die dier nie!** Wie is hulle? Die vrou word in verse 3 – 6 beskryf. Die taal en terme waarmee sy beskryf word is tipies van die tyd waarin Johannes skryf en waarmee prostitute of sedelose vroue beskryf is.

Uit die woorde wat gebruik word, leer ons baie van haar. Sy word ’n “berugte vrou” genoem wat by die “waters” bly! Almal ken haar en weet wat sy doen! Baie het hulle deur haar laat verlei! Die “waters” verwys weer na die goddelose wêreld waar mens hulle deur haar laat verlei het. Daar staan dat die bewoners van die aarde “dronk” geword het van haar haar wyn. Die goddelose onsedelikheid en hoereerdery met die sonde het mense oorweldig! Ons lees later van konings, sakemanne en seevaarders wat in haar mag is en wat oor haar val huil! Sy het die wêreld in haar mag! **Sy is die versinnebeelding van die wereldse verleiding wat Satan gebruik om mense in sy mag te kry!**

Haar kenmerke uitlokkende klere, juwele en haar goue beker met wyn het baie mense verlei om haar te volg! Ja, haar naam sê wie sy is: Babilon – die moederstad van sedeloosheid en losbandigheid en verleiding! Babilon – simbool in die Bybel van alle wereldse magte wat mense verlei om God te verlaat en Satan te volg!

Reeds in die Ou Testament is die stad in Babel die simbool van sonde en sedeloosheid en verleiding waarmee Satan mense se lewens verwoes! Die asemrowende stad Babilon met sy polsende stadslewe, kuns en vermaaklikheid, politieke en militêre mag! **Die simbool van Satan se mag**! Die groot stad waar mense verdwyn en verlore raak! Waar mense van God vergeet en hulleself oorgee aan die genot van liggaam en die lewe!

Brs en srs, Babilon het sy verskyning in verskillende persone en persone in die verloop van die geskiedenis gemaak! In die Ou Testament was die Babel! In die Nuwe Testament was die Rome en die Romeinse ryk en kultuur wat mense bedwelm het en van God afvallig gemaak het.

Vandag sien ons haar in alles wat die mens weg van God verlei en na die verderf laat gaan! Natuurlik is alles in die wêreld nie sleg nie! God het die wêreld gemaak – **maar Satan gebruik dit wat God geskep het om mense mee te verlei en te verwar**. **Elke ding wat nie aan sy skeppingsdoel beantwoord nie en wat instrument van verleiding isn Satan se hand word!**

Vrydagaand het ons haar in die openingseremonie van die Olimpiese Spele gesien. Die godslasterike uitbeelding van die Laaste Avondsmaal skildery met fopdossers wat die plek van Jesus inneem. Die borsbeeld van ’n bul op die hoofpaviloen. Duidelik geen verband met die sportgeleentheid nie en ’n opmerklike verwysing na die aanbidding van Baal as natuur en vrugbaarsheidgod!
Maar kyk ook na jou eie lewe! Elke ding waarmee ek my besig hou wat ’n instrument in Satan se hande kan wees om my in my geloof te laat struikel! Ë

Dit is die sedelose vrou – Babilon! En sy het jou as bruid van Christus in die visier! Ja, hierdie is die stryd van die twee vroue – die sedelose vrou en die bruid van Christus. **Dit is die stryd waarin ek en jy persoonlik ook betrokke is!**

Dit is skrikwekkend dat daar in hf 17 vers 6 staan die sy dronk is van die bloed van gelowiges! Sy wil die bruid van Christus vernietig! Ja, sy slaag daarin om mense te oorreed om God te versaak en in sonde en ongeloof te lewe!

Daarom geliefdes waarsku die Here ons om nie deur haar verleidelikheid te struikel en te val in ons geloof nie! Sy lyk mooi en aanloklik – **maar kyk mooi – sy ry op die rug van die dier uit die aarde!** Dieselfde dier van Open 13! Hy versimboliseer wêreldse magte en heersers (die horings op sy kop) wat saam met die vrou werk om om gelowiges tot 'n val te bring!

Daarom br en sr, wees wakker en nugter en hou vas aan jou geloof in Jesus Christus as jou Verlosser en Koning! Vers 14 bring vir ons troos binne hierdie tyd van verleiding en versoeking**: Christus sal haar oorwin**! Johannes stel dit in die Griekse taal so asof dit al klaar gebeur het! Want Jesus alleen is Koning en heerser oor die konings van die aarde – Hy sal hulle oorwin! **Ons moet net aan ons Here getrou bly en ons nie laat verlei nie!**

Hierdie oorwinning van die Here Jesus word vandag alreeds gesien! Die Here Jesus wat mag oor die bose het draai hulle teen mekaar! Ons lees daarvan in hf 17: 15 – 18! Die bose teen mekaar begin draai en wis mekaar in die proses uit. Dit sien ons reeds in die wêreld gebeur! Mense met mag wat net al hoe meer mag wil bekom en so hulleself in die proses vernietig! Mense met geldmag wat net meer en meer geld wil maak word slagoffer van hulle gierigheid!

En dan breek die einde aan! In hf 18 word die val van Babilon aangekondig! 'n Engel met groot mag kondig haar val aan! **Die Here Jesus het haar oorwin** – Daar staan in vers 5: Haar sondes het opgehoop en God het sy oordeel oor haar voltrek! Sy sal tot niet gaan! Haar val en einde word met skrikwekkende beelde voorgestel- Die rooi mantel, juwele en goue beker vol wyn maak plek vir onrein geeste en roofvoels en diere! Haar hele lewe word omgekeer en sy ontvang dit wat sy wou bewerk in dubbele maat terug: verwoesting! **So geweldig as wat haar verleiding was, so geweldig is God se oordeel oor haar op die laaste dag!**

Daarom roep die Here – soos vir die volk Israel van ouds – kom uit haar my volk! Vlug weg uit Babilon sodat julle nie deel aan haar oordeel nie! Soos Lot moes vlug voor die vuur en hael wat Sodom en Gemorra getref het! Haar uiteinde is die vuurpoel van die hel!

So geweldig is haar val dat almal wat haar verleiding geniet het, in skrik verval! Die ryk sakemanne, die konings en die seevaarders huil van hulle verlies en van die skrik wat hulle oorval toe hulle God se oordeel oor haar sien! Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.....

Geliefdes, terwyl hulle wat vir haar lief was en uit haar beker gedrink het, huil oor haar vernietiging, is daar vreugde in die hemel! In die hemel word daar gejuig oor Christus wat haar oorwin het en so sy bruid van haar aanvalle gered het! Die vervolging van die gelowiges deur al die eeue is gewreek! Nooit weer sal die bruid van die Here deur haar geteister word nie! Christus het ingegryp en haar gered! Haar lyding is verby – daarom die groot vreugde in die hemel! **Dit gebeur met die Wederkomsdag wanneer Christus oor die goddelose wêreld sal oordeel en hulle tot die hel verdom word! Dan is die stryd verby!**

Die oorwiningslied van hf 19 bring die eer toe aan God en die Lam – Hy het oorwin! Dit is ons hoop en daaraan hou ons vas tot die einde toe!

Meer nog: die bruid van die Here word gereed gemaak vir die bruilof met die Lam! Christus red nie net sy bruid nie – maar maak haar gereed om haar by Hom neem in ewige vreugde! **Haar bruidskleed is fyn helder wit klere – haar geloofsdade - gewas deur die bloed van Christus.** My en jou geloofsdade in en deur Christus is die klere wat ons sal dra wanneer ons voor Christus verskyn! Dat ons in Jesus bly glo het en dat ons aan Hom en die waarheid vasgehou – dit sal ons metaforiese kenmerke kleredrag wees as ons Christus ontmoet!

Brs en srs, hoor net die vreugde-uitroep: "Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam genooi is!" Wie is dit? Dit is elke gelowige wat hier op aarde is sy of haar stryd aan Christus vasgehou het! Aan Hom getrou gebly het en in sy krag gelewe het! Ja, deur Gods genade, is dit ook ek en jy! Ons wat vandag in Christus glo, vandag te midde van versoeking en verleding aan die Here en sy Woord getrou bly! Vir ons sal oorwin en ons vir ewig na Hom toe neem!

Kom ons hieraan vas! Kom ons – as bruid van Jesus - laat nie toe dat die sedelose vrou ons van die Here weg verlei nie! Kom ons wees waaksaam en nugter en sien haar vir wie sy is! Meer nog: kom ons fokus op Christus – ons Bruidegom - wat ons sal red en wat ons as sy bruid na Hom toe sal neem! Dit is ons vreugde en vaste hoop!

Amen